



Randjies soos kantjies

BENODIGDHEDE: Omega Nr. 8 (50 g-bolle); die hoeveelheid hang af van lengte van rand wat gehekel word; hekelpen van 1,50 mm.

MATE: Die breedste deel van kantjies is ongeveer 16-18 cm van punt tot reguit rand.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; lb - langbeen; st(e) - steek(steke); sp(s) - spasie(s); blk(s) - blokkie(s); osk - oop skulp (= 3 langbene, 2 kettingsteke en 3 langbene in dieselfde steek of spasie); herh - herhaal; vlg - volgende.

Spasie: Begin met 1lb; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om spasie te voltooi.

Blokkie: Begin met 1lb; *1lb in elk van vlg 2 ste of vlg sp, 1lb om blokkie te voltooi.

Let wel: Draai aan reguit kant met 4ks in plaas van met 5ks, om 'n stewiger begin-spasie aan rye te verkry.

RANDJIE A

Begin met 71ks, draai en hekel 1lb in 9e ks vanaf hekelpen, (2ks, slaan 2ks oor, 1lb in vlg st tot einde van ry - 22 sps voltooi - 4 draai-ks.

Raadpleeg diagram en herhaal rye tussen stippellyne tot randjie lank genoeg is. Knip garing af en heg netjies af.

RANDJIE B

Begin met 62ks, draai en hekel 1lb in 9e ks vanaf hekelpen, gaan dan te werk soos uiteengesit vir randjie A, maar raadpleeg diagram B.

SLEUTEL TOT DIAGRAM

- - spasie
- ⊗ - blokkie
- ooo - kettingsteke
- langbeen

HEKEL VERMEERDERING AAN RANDJIE SO:




DIAGRAM A




DIAGRAM B

